

MY AFRIKAANSE STORIES

Voordat ons by die meer formele dinge kom, wil ek graag dat jy jousef voorstel aan jou kursusleier.

Beantwoord die volgende vraag so duidelik as moontlik. Daar is geen beperking op die aantal woorde nie. Jy sal ook nie geëvalueer word op hierdie skryfstuk nie. Skryf jou hart uit en geniet dit!

Vraag: Waarom wil jy Afrikaanse stories skryf? Is dit, soos vir die meeste skrywers, 'n lewenslange droom van jou of het iets gebeur dat jy besluit het Afrikaanse stories behoort 'n goeie manier te wees om jou tyd mee te spandeer.

Daar is geen regte of verkeerde antwoord nie, laat waai net en deel met ons jou skrywershart. Stuur dit asseblief vir jou kursusleier terwyl jy besig is met die gedeelte wat volg.

Lees gerus prof Hans du Plessis se kort rubriek oor voornemende skrywers.

<https://maroelamedia.co.za/afrikaans/wil-jy-ook-graag-skryf/>

LEES- EN SKRYFTEKENS

Natuurlik mag jy frons en vra waarom ‘n skryfkursus met leestekens begin. Ons almal ken tog leestekens, nie waar nie?

Sien hierdie as ‘n klein stukkie hersiening voordat ons met die skryf van stories begin.

Leestekens in Afrikaans

(.)	Punt
(,)	Komma
(:)	Dubbelpunt
(;)	Kommapunt
(“ ‘ ’ ”)	Aanhalingstekens
(?)	Vraagteken
(!)	Uitroepteken
([{ }])	Hakies
(–)	Aandagstreep
(ˆ)	Akuutteken
(˘)	Gravisteken
(*)	Asterisk/Sterretjie
(...)	Ellipsis/Weglaatteken
	Hoofletter
	Afkortings
	Letterwoorde

Skryftekens in Afrikaans

(¨)	Deelteken
(-)	Koppelteken
(’)	Afkappingsteken
(^)	Kappie

Indien u vashaak en twyfel oor die gebruik van ‘n lees- of skryfteken, volg gerus die volgende skakel om seker te maak.

<http://afrifiksie.com/die-korrekte-gebruik-van-lees-en-skryftekens/>

Opdrag op volgende bladsy.

OPDRAG

Beantwoord die volgende vrae. Onthou om die korrekte lees- en skryftekens te gebruik.

1. Gee die meervoude van die volgende woorde.

- i. Alkali
- ii. Israeli
- iii. Garage
- iv. KWV
- v. Terblanche

2. Skryf die volgende woorde korrek neer.

- i. Beinvloed
- ii. Reunie
- iii. Proteien
- iv. Mikroorganisme
- v. Droe

3. Skryf die volgende sinne en/of woorde korrek neer.

- i. Die goed is darem duur!
- ii. Jy moet of die blou rok of die groene dra.
- iii. Attache
- iv. Cliche
- v. Hy is nie tevrede met die hof se uitspraak nie, daarom wil hy appel aanteken.

4. Skryf die volgende sinne korrek neer.

- i. Daar staan 'n mooi rooi motor in die straat.
- ii. Ek gaan koop vir my twee penne twee potlode drie boeke en 'n radio.
- iii. Maar Henk jy moet mos jou beste doen.
- iv. Sodra die tafel afgedek is kan ons die skottelgoed was.
- v. John en Pieter die gewildste seuns in die klas het gister die toets gedruip.

5. Voeg die nodige leestekens in. Moenie die sinskonstruksie verander nie.

- i. Die bure se musiek is te hard hulle het geen maniere nie.
- ii. Ek is mal oor Kaapstad Durban is ook nie te sleg nie.
- iii. Maleisiese vliegongeluk eis 24 12 oorleef.
- iv. Ek het 'n hekel aan swem tog vat ek 'n swembroek saam.
- v. Ons het vroeg opgestaan ons het 'n lang reis voor ons gehad.

6. Voeg die nodige leestekens in. Moenie die sinskonstruksie verander nie.

- i. Pieter sê: Ek is hier gebore.
- ii. Ek sal saamspeel, sê Henk, maar dan wil ek wen.
- iii. Die inbreker is liefdevol aan die kraag uit die huis begelei.
- iv. Kobus sê: Susan het Skote Petoors! geskree toe sy die antwoord kry.
- v. Die datavinger (memory stick) se funksie is vervang deur datadienste in die Wolk (Cloud).

7. Voeg die nodige leestekens in. Moenie die sinskonstruksie verander nie.

- i. Ek was gister Vrydag by die dokter.
- ii. Jy moet die klos coil eerste verwyder.

- iii. Die sesde deel van Mozart se Requiem staan bekend as die Agnus Dei Lam van God.
 - iv. Ek doen gewoonlik my inkopies by Spar ('n groot, internasionale kettingwinkel).
 - v. Ek vat vir my beste vriendin Petro saam met my.
8. **Voeg die nodige leestekens in. Moenie die sinskonstruksie verander nie.**
- i. Suid-Afrika het drie riviere wat in die Atlantiese Oseaan invloei die Oranje-, Berg- en Olifantsrivier.
 - ii. Onthou om die volgende saam te bring slaapsak, flits, waterbottel en hoed.
 - iii. Jy moet kennis neem Die duiwel haal jou wanneer jy laat is!
 - iv. Die reël is duidelik Samestellings word vas geskryf.
 - v. Piet verduidelik “Jy kan nie hierdie twee elemente in een proefbuis gooi nie.”

Totaal: 40

SPELREËLS

Ons verskaf enkele spelreëls, maar dit is maar 'n druppel in die emmer. As jy ernstig is oor die skrywery, stel ek voor jy skaf 'n goeie woordeboek of twee aan. Kyk gerus na die volgende:

- Tesourus van Afrikaans het 'n cd wat op die rekenaar geïnstalleer kan word. Dit is van onskatbare ware.
- Die HAT
- Skryf Afrikaans van A tot Z
- Afrikaanse woordeboek en spelreëls

Hoof- en kleinletters

1. Hierdie woorde word altyd met 'n hoofletter geskryf:
 - Wanneer 'n sin met 'n onbepaalde lidwoord ('n) begin, begin die woord wat daarop volg met 'n hoofletter.
 - Wanneer die sin met 't (dit), 'k (ek) en 's (dis) begin, begin die woord wat daarop volg met 'n hoofletter.
 - Wanneer die eerste woord 'n simbool (bv. 50) is, begin die volgende woord nie met 'n hoofletter nie.
 - Eiename (John), plekname (Kaapstad), afleidings (Kaapse), straatname (Kosstraat/Dertiende Laan), belangrike geskiedkundige gebeure (Tweede Wêreldoorlog), openbare vakansiedae (Moedersdag), tale (Ou Engels/Oudengels), samestelling van persoons- en/of plekname (Rina Hugo-roos).
2. Hierdie woorde word altyd met 'n kleinletter geskryf:
 - Onbepaalde lidwoord ('n), gewone name van plante en diere (katjiepiering), geldeenhede (pond/doller), gesteentes, minerale en chemiese elemente (goud), byvoeglike naamwoorde wat van eiename afgelei is (onbybels), werkwoorde wat van eiename afgelei is (verengels)
3. Hierdie woorde kan met 'n hoof- of kleinletter geskryf word:
 - diererasse, kultivars en plantsoorte (Merino/merino), Byvoeglike en selfstandige naamwoorde wat van eiename afgelei is (Christen/christen), afleidings van woorde wat eindig met -is, -isme, -istiek en -isties (Boeddhis of boeddhis)
4. Aanspreekvorme: naam of titel van die persoon aan wie 'n brief geskryf word (Geagte Meneer), wanneer titel en naam gebruik word, is die titel in kleinletters (Liewe tannie Bets), formele aanspreekvorme begin met 'n hoofletter (U Edelagbare/Haar Majesteit die Koningin),
5. 'n Basiese taalnaam plus ander woorde: (Koerantafrikaans/Pretoriasotho/Kaaps-Hollands
6. Soortname wat as eiename optree: (Grondwet, Noordpool)
7. Eienaamverbleking: (blinkstefaans)

Los of vas?

1. Opeenhoping van klinkers:
 - Selfstandige naamwoorde kry 'n koppelteken (gala-aand)

- Werkwoorde met -ge vooraan kry meestal 'n deelteken (geëindig)
- 2. In samestelling met afkortings: (Cd-speler, ge-SMS)
- 3. Samestellings met handelsmerke word vas of met 'n koppelteken geskryf: (Lindtsjokolade of Lindt-sjokolade)
- 4. Vreemde taal + Afrikaans kry 'n koppelteken: (au pair + kantoor = au pair-kantoor)
- 5. Samestellende samestellings (opelugteater/akademiese hulpsentrum)
- Oppas vir spasies waar dit nie hoort nie: rooiwynglase teenoor rooi wynglase
- Koppeltekens kan leesbaarheid vergemaklik (ekonomieseklas-passasier)
- 6. Wanneer 'n selfstandige naamwoord na 'n werkwoord verander met -ing: ter aarde bestel teenoor teraardebestelling
- 7. Eienaamverbindings wat as eiename optree, kan op een van vier maniere geskryf word.
 - Sonder 'n koppelteken vas (Royalhotel)
 - Met 'n koppelteken vas en met 'n hoofletter na die koppelteken (Royal-Hotel)
 - Met 'n koppelteken vas en met 'n kleinletter na die koppelteken (Royal-hotel)
 - Los en elke deel met 'n hoofletter (Royal Hotel)
- 8. Eienaamverbindings wat as soortname optree (Mercedes-Benztoerbus of Mercedes-Benz-toerbus)
- 9. Eienaamverbindings met 'n syfer of simbool (4x4-Nissanbakkie)

Vir meer spelreëls, gaan kyk gerus by 'Beter Afrikaans'

<https://www.beterafrikaans.co.za/website/index.php?pag=107>

Sien opdrag op volgende bladsy.

OPDRAG 1

Lees onderstaande (gedeeltes van) berigte uit *Republikein* van 23 Maart 2018. Daar is heelwat leesteken- en spelfoute in. Herskryf die gedeeltes en korreger die foute.

Heelwat mense het daardie jare vanweë die onsekere politieke klimaat na Suid Afrika begin padgee. Veral op Somerset Wes het soveel Namibiërs hulle tuisgemaak dat dit in die Bolanders se volksmond as Somer Suid Wes bekend geraak het.

“Toe die eindfluitjie blaas en ek uit die persbank afbeweeg veld toe het dit gelyk soos ‘n reünie soos almal reeds daar om die spelers saamgedrom het in die kwartgebied waar Andre Stoop die laaste bal voor die eindfluitjie uitgeskop het”

By die kaptein oefening die vorige dag het die slot Jacques Theron ‘n besering opgedoen en is Nartjies Nortje van die flank af geskuif om sy plek in te neem. Erasmus het dié brokkie met sy nuuskollega, Gerhard Kirsten, gedeel, wat toe in die Saterdagoggend se *Die Burger* geskryf het dat die Suid Westers nou voorlans gewig ingeboet het sonder om te weet wat ‘n beer van ‘n mens Nartjies Nortje in werklikheid is.

Ek onthou die vuil kyk wat Kirsten my kort na die afskop gegee het toe hy sien hoe Nartjies lyk sê Erasmus.

Daar is nog geen aanduiding wanneer bedrywighede by Tiger Brands se Enterprise aanlegte hervat sal word nie.

Spore van die bakterie *Listeria monocytogenes* is vroeër by die groep se aanlegte in Polokwane, Germiston, Pretoria gevind en hul bedrywighede is toe opgeskort. Die groep het ook al sy verwerkte koue vleis produkte soos verskillende worsies en polonie van die winkel rakke verwyder.

Ons het nog nie duidelikheid van die betrokke staatsdepartement oor die kriteria wat ná heropening sal geld nie sê Nevashnee Naicker woordvoerder van Tiger Brands. Onafhanklike laboratoriumtoetse het die teenwoordigheid van die dodelike ST6 *Listeria* stam in Enterprise se Polokwane aanleg bevestig nadat Tiger Brands se eie toetsing dit aanvanklik nie kon optel nie.

‘n HPP wat baie na ons Harambee-plan (HPP) begin lyk, is skynbaar glad nie ‘n slegte ding nie. Solank jy nie die sprong in die afgrond in vat nie. Anders lyk dit dieselfde.

Die HPP waarvan ek praat is ‘n verskynsel wat die high places phenomenon genoem word. Die hoë plekke verskynsel is my vertaling daarvan.

Dit werk glo so As jy al op ‘n hoë brug/gebou/krans onverwags ‘n amper onstuitbare impuls gekoester het om af te spring beteken dit nié dat jy ‘n diepgewortelde dood wens het nie. Jy is

ook nie heeltemal irrasioneel nie. In daardie impulsiewe oombliklike oorweging besef jy jy het nie 'n valskerm nie en jy kan jou die grusaamheid op die sypaadjie voorstel.

Jy verstaan ook dat jy nie eensklaps in 'n meermin sal verander as jy voor jou siel weet jy kan nie swem nie maar worstel teen die onverstaanbare en misterieuse gewink van die diep blou poel. Die gevaarligte in jou liggaam gaan af, maar jy kan die impuls nie verstaan of weerstaan nie. En tog is daar iets in jou samestelling wat jou weerhou daarvan om die sprong te vat jy jy stap verdwaas en verward weg van daardie onbeskryflike sekonde van gewisse self vernietiging.

Die franse noem die verskynsel 'n oproep van leemte. 'n italiaanse sanger sê angstigheid by 'n afgrond is nie 'n vrees vir hoogtes nie, maar eerder die begeerte om te vlieg. Die deense Filosoof Seren Kierkegaard sê die angstigheid wat jy ervaar as jy in 'n afgrond afkyk is bloot die duiseligheid van vryheid

Vir my klink dit asof al hierdie beskrywings een of ander weergawe van die ware Jacob kan wees. Wat ek ook dink, is dat hierdie HPP nie so gevaarlik soos ónse HPP is nie, want vir my is ónse HPP 'n vryval by voorbaat. Want sien terwyl die liggaam in die bogenoemde HPP betyds hokaai roep, het ons nasionale liggaam politiek nie dieselfde selfbehoudende alarmstelsel nie.

Lyk vir my ons aanstellerige gekwetter van ons is vry om te maak soos ons wil, laat ons té gevaarlik oor die rand hang en geen gevaarlig wat reeds afgaan gaan ons val keer nie.

(30)

OPDRAG 2

Lees onderstaande kortverhaal. Daar is heelwat leesteken- en spelfoute in. Herskryf die gedeeltes en korregeer die foute.

As ek net kon slaap maar die swart ford spook by my. Sowaar, as môre net eers verby is.

“Fanus” kerm Huipie, “hou op met rondrol! Ek kan gn slaap as jy so tekere gaan nie

“Ai vrou gaan maak tog maar koffie dat ons kan opstaan toe” vra ek mooi.

Maar Huipie wil niks weet nie. Sy is woedend oor die karkopery. Dis afgodsdinge Fanus jy lol met die verkeerde goed.”

Teen opstaantyd is ek so moeg dat ek liewer die laken oor my kop wil trek. “Kom, Fanus, staan op en kry klaar. Die dag lê lank voor ons,” sny huipie se stem deur my moeë siel.

Die verkoopsmannetjie weet ook nie so lekker hoe werk 'n kar nie lyk dit vir my. Hy het nou al 'n honderd keer voor begin om vir my te wys hoe start 'n mens die ding, maar ons kom nêrens nie. Dis elke keer in die kar voor die kar met die slinger in die kar en dan weer voor die kar. Hierdie slinger is niemand se speelmaat nie, lyk dit vir my.

“Is hier ooit petrol in die kar jongman” vra ek heel onskuldig.

“My oom, as jy net wil luister na my, maar dit lyk my nie jy is lus om vandag met hierdie kar te ry nie,” grom hy vir my.

So ‘n klein twak Met wie dink hy praat hy nou eintlik? Seker nie met Fanus Potgieter, die eerste man met ‘n kar in die distrik nie. Ek vies my sommer vir hom, maar ek bly liefwer stil.

Uiteindelik kry hy die kar gestart en ek en my helfte kan die pad vat huis toe. Ek klou die stuurwiel met alle mag maar die ding het ‘n wil van sy eie. Ons is meer in die veld as in die pad, maar ons ry dat die wind slierte waai in ons hare.

Ag, my genadetjie tog, hier is die plaashuis nou voor ons en die hek is wragtiewaar toe. Hoe stop ek hierdie gevaarte Dankie tog daar kom karolus aangehardloop en maak die hek oop. Ons skuur rakelings verby die hekpaal, maar voor ek gestop kon kry is die hoenderhok in my pad.

Ek weet nie wat my vroujie die kwaadste gemaak het nie die twintig dooie hoenders, of die stukkende kar nie.